**13 Julie**

Skrifgedeelte: Esegiël 33:21-33
Fokusgedeelte: Esegiël 33:30-33

# Hoor en doen wat die Here sê

Die profeet Esegiël het in opdrag van die Here by herhaling aan die ballinge van Juda in Babel gesê dat Jerusalem ingeneem en verwoes sal word (Eseg 1-24). Maar daardie ballinge wou nie na die profeet luister en sy woorde glo nie (Eseg 3:7). En dan kom daar 'n vlugteling uit Jerusalem aan met die skokkende boodskap: "*Die stad is ingeneem*!" Wat Esegiël in opdrag van die Here voorspel het, het werklik gebeur.

Die gevolg was dat die Jode in Babel se siening van Esegiël meteens verander het. Hulle het gesien dat sy profesieë nie net leë praatjies is nie, maar die woord van die Here wat werklik in vervulling gaan. In plaas van minagting het hulle 'n geweldige waardering vir hom ontwikkel. Hulle spoor mekaar dan ook aan om na hom te gaan luister en sê vir mekaar: "*Kom hoor watter boodskap daar van die Here af gekom het*" (33:30). Esegiël is so populêr dat hy vergelyk word met "*iemand wat met 'n mooi stem liedjies vol begeerte sing en die lier goed speel*" (33:32).

Die tragiese is egter dat terwyl hulle lofliedere sing oor Esegiël as begaafde prediker, hulle nie doen wat hy in opdrag van die Here aan hulle sê nie. Trouens, die saak is baie erger as dit. Want terwyl hulle met soveel waardering van Esegiël se preke praat, is hulle doelbewus daarop uit om met hulle gulsige harte onregverdige wins vir hulleself te bekom (33:31).

Dit is 'n probleem wat nog altyd in die kerk van die Here aangetref word: mense luister na wat die Here deur sy diensknegte aan hulle sê, maar hulle doen nie wat die Here hulle beveel nie. Daarom waarsku Jakobus (1:22) ook: "*Julle moet doen wat die woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself*." Christus stel dit ook baie duidelik: "*Nie elkeen wat vir My sê 'Here, Here' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is*" (Matt 7:21).

Sing: Psalm 40:4 (1936)

Prof PJ de Bruyn (Emeritus)